

Skriflesing: Jakobus 5:1-19

Teks: **Jakobus 5:3b,7,16b**

Sing - **VOORAF SANG: Ps. 138:1,4**

TYDENS EREDIENS: Ps. 33:6,7; Ps. 9:1,7; Ps. 74:12,16; Ps. 142:1,3,4

Jakobus 5:1-19

Jas 5:1 En nou, julle rykaards, kerm en kla oor al die swaar wat oor julle gaan kom.

Jas 5:2 Julle rykdom sal tot niet gaan en julle klere sal deur motte opgevreet word,

Jas 5:3 julle goud en silwer sal verroes. **Die roes sal teen julle getuig en aan julle vreet soos 'n vuur. Julle maak skatte bymekaar, en dit terwyl dit die laaste dae is.**

Jas 5:4 Ja, julle hou die loon agter van die werkers wat julle lande afgeoes het. Dit skreeu ten hemel; die groep van dié wat geoes het, het tot by die Here die Almagtige gekom.

Jas 5:5 Hier op aarde lewe julle in weelde en oordaad; julle smul na hartelus, en dit terwyl die slagdag reeds daar is.

Jas 5:6 Julle veroordeel en vermoor die onskuldige en hy bied geen teenstand nie.

Jas 5:7 **Wag dan geduldig, broers, totdat die Here kom. Let op hoe die boer wag vir die kosbare oes wat die land oplewer. Hy wag geduldig daarvoor totdat dit die vroeë en die laat reëns gekry het.**

Jas 5:8 Julle moet ook geduldig wag en moed hou, want dit is nie meer lank nie, dan kom die Here.

Jas 5:9 Moenie oor mekaar kla nie, broers, sodat julle nie veroordeel word nie. Die Regter staan al voor die deur.

Jas 5:10 Broers, neem die profete wat in die Naam van die Here gepraat het, as voorbeelde van lyding en geduld.

Jas 5:11 Ons noem hulle geseënd omdat hulle volhard het. Julle het gehoor van die volharding van Job en julle het gesien waarop die Here dit laat uitloop het. Die Here is immers ryk aan barmhartigheid en ontferming.

Jas 5:12 My broers, dit is baie belangrik dat julle nie 'n eed moet aflê nie, nie by die hemel nie, nie by die aarde nie en ook nie enige ander eed nie. As julle "ja" sê, moet dit "ja" wees; as julle "nee" sê, moet dit "nee" wees. Dan sal julle nie veroordeel word nie.

Jas 5:13 As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing.

Jas 5:14 As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here.

Jas 5:15 En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak. As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word.

Jas 5:16 Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. **Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.**

Jas 5:17 Elia was 'n mens net soos ons. Hy het ernstig gebid dat dit nie moet reën nie, en in die land het dit drie jaar en ses maande lank nie gereën nie.

Jas 5:18 Toe het hy weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy oes gelewer.

Jas 5:19 My broers, as een van julle van die waarheid afdwaal en iemand sou hom terugbring,

Jas 5:20 weet dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat 'n menigte sondes vergewe word.

Skriflesing: Jakobus 5:1-19

Teks: **Jakobus 5:3b,7,16b**

Sing - **VOORAF SANG: Ps. 138:1,4**

TYDENS EREDIENS: Ps. 33:6,7; Ps. 9:1,7; Ps. 74:12,16; Ps. 142:1,3,4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, so het ons dan gekom by die laaste hoofstuk van ons broer Jakobus. Hy wat ook 'n broer van Jesus Christus was, opgegroeï as 'n ander kind van Jesus se aardse moeder, Maria, maar hy het homself in hfst. 1, vers 1 al genoem 'n slaaf, 'n dienskneg van Jesus Christus. Tog wil hy broer van God se kinders wees, hy wil broer in die Kerk van die

Here wees, daar is verskeie plekke waar die woord, *broer/broers* in hierdie oudste geskrif in die Nuwe Testament ons nader roep.

In vandag se gedeelte staan dit ook by herhaling wat ons broer ons nader roep. Die woorde *kom nou ...* is so 'n duidelike oproep en nader roep. Dit gaan ook om die laaste beproewinge wat ons in die begin van die brief gehoor het, die gelowige in hierdie lewe mee getoets gaan word. Dit wat Jakobus die geduldige gelowige mee opgeroep het- *2 My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, 3 want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard .*

Toets na toets het ons van gehoor. In die laaste van toetse waarmee ons al in hoofstuk 4 mee gekonfronteer was, is die duidelike onderskeid wat daar tussen die kind van God en die wêreldling gemaak moet word. Wil ek 'n vriend van God wees dan kan ek nie ook 'n vriend van die wêreld wil wees nie. Hfst. 4 vers 4 stel dit duidelik- *... Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is.* In die verband van hoofstuk 4 het ons ook reeds gesien hoe hoogmoed 'n beproewing kan wees. Waar hoogmoed beproef word en ek alles behalwe nederig die lewe ingaan, het jy die wêreldse mens wat nie besef my lewe is maar 'n damp nie. Hoor hoe praat die hoogmoedige in vers 13-14 van hfst. 4: *13 Kom nou, julle wat sê: "Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak." 14 Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn.*

Hoofstuk 5 vat die toets vir die gelowige net nog 'n ent vêrder. Ja, die wonderlike is dat dit word tot 'n afsluitingspunt gebring, waar ek die gelowige op sy/haar knieë gaan aantref, nederig word daar gebid. Daar word reg gebid, daar word daadwerklik gebid, maar vóór ons kom by die werklike krag van gebed wil ek die verbande van hierdie laaste hoofstuk vandag dan só aan u verkondig. Eerste kyk ons na- Die roes wat die verwêreldlikte ryke sal opvreet. In die tweede plek: Die reën wat die geduldig gelowige wil ophelp. In die laaste plek sluit ons hierdie reeks af met die volle wete: Die gebed wat op die einde so baie dinge kan verander! Eerste dan-

Die roes wat die verwêreldlike ryke sal opvreet.

Geliefdes, dit gaan hier steeds om die laaste toets vandag. Die verskil van of ek werklik 'n vriend van hierdie wêreld wil wees, dan het jy jouself reeds as vyand van God bewys. Nou gaan dit vir Jakobus om mense wat wel die binnekant van 'n kerk ken, of soos in die tyd hulle het sinagoge toe gekom, maar dis verwêreldlike ryk mense wat met hulle werksmense werk asof hulle mense minder werd is as die rykdom wat die rykes as hulle alles beskou. Nou het Jakobus die aangrypende beeld rondom hierdie rykes as mense wat moet kyk hoe hulle rykdom maar ook hoe hulleself eintlik deel van die wêreldse roes geword het. Hy sien hoe roes nie net ingrypend op jou rykdom kan invreet nie, maar hierdie roes is iets wat aan jouself vreet op 'n manier wat jy dit nie meer kan hanteer as rykdom verkeerd hanteer word nie.

Waar die mot vreet en waar die roes vreet gaan dit baie gou om meer as die mot of die roes. Die mot-roes beelde is natuurlik beelde wat Jesus ook gebruik het. Jakobus sluit so dikwels direk aan by wat Jesus sy Broer, hom geleer het. Roes kan besittings aantast wat die ryke gedink het, dis my lewe. Niks kan dit van my wegneem nie. Tog vreet die roes verby die metaal, die roes self, word 'n getuie teen die een wat die rykdom sy beskutting gemaak het. Die roes tast nie net die besittings aan nie, maar ook die besitter kom onder skoot. Jakobus gebruik 'n sterk beeld hoe roes die vlees soos vuur kan verteer. Die verterende werking van roes is eintlik niks swakker as wanneer vuur 'n stuk veld verteer nie. Dit is so 'n roes wat die verwêreldlike ryke kan opvreet.

En dit nie omdat daar met die rykdom op sigself iets verkeerd is nie, maar die arbeiders, die werksmense is waar dit hier oor gaan. Jakobus sien in die Kerk van sy tyd dat werkgewers wat ryk mense was, hou die loon van die arbeider wat sy loon werd is, terug. Hulle steel letterlik by hulle werkers. Nou skreeu die arbeider maar ook sy loon praat net so hard terug. Vers 4- *4 Ja, julle hou die loon agter van die werkers wat julle lande afgeoes het. Dit skreeu ten hemel; die geroep van dié wat geoes het, het tot by die Here die Almagtige gekom.*

Dan voer Jakobus hierdie inhalige verwêreldlike rykes terug na hulle eie voerkrale. In die 1983-Vertl het iets van die letterlike wat hier staan verlore geraak. Hier staan - ... *julle het jul harte vet gevoer soos op 'n slagdag.* Die hart wat homself vet voer, lyk anders as die hart wat ons later in die hoofstuk van lees, die hart wat daarna smag om versterk te word (vers 8). Ja, die hart wat vet

gevoer word, is die hart wat op aarde in weelde en oordaad lewe, die verwêreldlikte hart smul na hartelus, terwyl Jakobus die rykes opnuut waarsku, julle slagdag is naby!

Slagdag kan ons nie anders verstaan as dit wat Jakobus in hierdie laaste hoofstuk op verskeie wyses na vore bring nie, nl. die dag van oordeel. Die laaste dag, die dag wat vir die verwêreldlikte ryke 'n verskriklike dag sal wees, ja sy slagdag waar hy/sy eintlik dan self geslag sal word. Die rykes wat hulle wat gewoon hard gewerk het en in hulle werk voor God reeds geregverdig is, heelyd veroordeel en inderwaarheid vermoor. Mense wat hulle nie teen die rykes versit het, wat geen teenstand kon of wou bied nie. Nou is die bordjies verhang. Nou het die verwêreldlikte ryke se slagdag aangebreek, maar geliefdes, in wat ons as gelowiges in hierdie laaste hoofstuk uit Jakobus na ons sien kom, is ook 'n tweede ryk gedagte in opgesluit. Ons noem dit:

Die reën wat die geduldig gelowige wil ophelp:

Dis nog nie slagdag nie, dit sal kom. Vir die gelowige, of ek nou werker is, of die ryk man wat wel met sy landerye en sy werkers en sy oeste reg omgaan, vir ons almal bring Jakobus ons in sy laaste hoofstuk weer terug by iets wat in die eerste hoofstuk ook alreeds vir hom so belangrik was, nl. geduld! God kan my hierin werklik ook toets of ek wel bereid is om op Hom en op sy beloftes geduldig te wag. In hoofstuk 1 vers 4 is geduld en volharding met mekaar in verband gebring. *4 En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.* Ons kan agterkom Jakobus is presies weer met dieselfde tema besig. Ja, in Christus is die Jakobus brief so saamgestel dat die herhaling van temas, nie maar bloot 'n herhaling is nie, maar 'n verdieping en vasmaak van 'n saak wat vir ons vandag in 2020 nog net so belangrik moet wees. Wat kan belangriker wees as reën in hierdie ou wêreld van ons, ja hoe belangrik is dit dat dit moet reën?!

Ek het nie nodig om dit aan u te probeer verduidelik nie. Aangrypend sien Jakobus drie dinge raak, drie verdiepings wat my in my geloof moet laat verdiep. Hy sien die boer op sy grond, hy sien die lug maar daar is nie wolke nie, en dan sien hy die belang van wat eintlik nie gesien kan word nie, maar wat alles in ons lewe moet voorafgaan nl. geduld. Daar moet geduldig op die reën gewag kan word, as daar nie vroeë reëns is nie, moet daar vir die laat reëns gewag word. Soveel te meer die geduld wat daar moet wees in die afwagting en verwagting van wanneer die

wederkoms van die Here ons lewe in alles sal verander en alle sugtinge en droogtes en lyding daar nie meer sal wees nie. Vir die een wat wag het die Here deur Jakobus ook 'n saligspreking soos wat ons weet Jesus ons lewens met sy saligsprekinge op elke terrein kon verruim en verryk. Jakobus sê - *11 Kyk, ons reken hulle geluksalig wat verdra.* Saligsprekinge is dit wat ons moet ophelp. Hulle wat geduldig kan wag, is werklik geseënd, of anders gesê om te volhard is 'n seëning van God.

Op die einde gaan die reën in hierdie lewe om baie meer as waterdruppels wat op die grond val. Wie nie God se seëninge met God se reën in verband kan bring nie is besig om met klomp ander dinge sy eie lewe maar ook dié van ander te versuur. So iemand sal ook weer moet besef die laaste dag sal dan geen geseënde dag wees nie, maar weereens slagdag soos Jakobus al vroeër hierna verwys het. Vir ons as gelowiges gee God 'n ander tipe reën wat hy ons mee wil ophelp nl. om geduldig te wag op wanneer God op sy tyd wel sy genade oor ons as 'n nog groter reën as net waterdruppels sal uitgiet. Watter pragtige verband tussen wat Jak 1 vers 21 ons van God se Woord geleer het- en wat nou met die boer moet gebeur. In vers 21 van die eerste hoofstuk staan ... *ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red.* Die 1983-Vertl stel dit – *om ootmoedig die woord aan te neem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red.* Soos die boer vir die reën en die gras en die oeste geduldig moet kan wag, so moet die gelowige bereid wees om vir die ingeplante woord ook geduldig te wag, dat die woord in jou geplant eers later die oes sal kan lewer, net soos 'n boer vir die geplante saad ook 'n wagtyd en groeityd daar moet stel. Ja, so moet dit wees dat ons geduldig sal bly wag. Dit tot op die dag van Christus se finale koms.

Wanneer Jakobus ons wil bring by die punt van Christus se finale koms en die geduld wat dit vooraf gaan verg dan sluit hy aan by mense wat ook weer baie honderde jare voor hom gelewe het. Job en ook die profete en later noem hy ook Elia op die naam, is mense wat hy wil hê ons lewe en hulle lewens mekaar nie moet mis nie. Mis ons hulle is dit eintlik so 'n groot stuk van God se genade wat in Christus Jesus misgekyk en dalk selfs misgeloop kan word. Ons kan Job aangryp- v.11 *Julle het gehoor van die volharding van Job en julle het gesien waarop die Here dit laat uitloop het. Die Here is immers ryk aan barmhartigheid en ontferming.* Voor Job dan sien Jakobus ook die profete as hy in vers 10 vir ons sê - *10 Broers, neem die profete wat in die*

Naam van die Here gepraat het, as voorbeelde van lyding en geduld. Dis nogal opmerklik dat geduld gaan dikwels gepaard met sy tweeling-boetie, daar sal in die geduld so dikwels ook lyding ter sprake kom. Lyding waaruit ons opgehelp moet word. Dit kan God doen, Hy doen dit deur Christus, in wat die Heilige Gees jou mee begenadig dat soos reën die veld kan ophelp, so help God ons op deur die Woord soos in Christus vervolmaak. In Christus sluit ons dan die Jakobus-brief in hierdie reeks ook af met vandag se laaste gedagte:

Die gebed wat so baie dinge kan verander:

Wat is daar wat die gebed nie kan verander nie?! Wat is daar waaroor daar nie gebed kan word nie?! Daar is geen terrein van die lewe wat deur die gebed onaangeraak gelaat kan word nie. Ja, as dit gaan om te sweer en om jouself deur eed swering bloot te stel, daar moet jy mooi dink en versigtig wees. Laat jou ja jou ja wees en jou nee, waarlik nee. Moet jouself nie onder 'n oordeel laat val nie. Om God die Getuie van die waarheid wat jy praat te maak, kan alleen by groot uitsondering jou optrede bepaal. Dit is nie wat ander mense van jou maak dit wat jy voor God moet wees nie. In alles moet God se eer en God se waarheid eerste staan en ek moet gewoon 'n dienaar wees van wat God Self getuig Hy in sy Woord van ons verwag. Daarom het ons nie nodig om te sweer as die waarheid van die Woord ons lewe beheers nie. Die waarheid hang in alle geval nie van ons af nie, maar kom van Hom wat die weg, die waarheid en die lewe is.

Daarom moet nie sommer maklik sweer nie, maar tog het ons dit wat baie makliker in ons lewe moet wees, dit wat eintlik maklik in die gelowige se lewe moet gebeur en dit is dat daar gesing en gebed moet word. Onder alle omstandighede, deur alle fases van die lewe kan daar gebed word. Is ek opgeruimd laat jou gebede bepaalde sang insluit. Letterlik staan hier – *Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing.* Die Psalms waarmee niks anders vergelyk kan word nie. In waarheid, in diepte, in die vertolking van watter emosie en watter gevoel daar ook mag wees, niks kan bó die Psalms kom staan nie. Daar kan in alle geval niks daarmee vergelyk in hoe volgemaak en vervolmaak God sy Woord ook in sy Lied vir ons laat opteken het.

En dan die tye wat ek swaarkry om te sing, tye van lyding en hartseer, tye van siekte, tye van droogte, ja Jakobus bring in 'n sekere sin al die dinge wat jou en my lewe so ingrypend kan raak en kan omkeer en bring ons onder die besef van hoe groot en hoe sterk die gebed kan wees,

waarmee 'n gelowige besig kan wees. Nou praat ons van die gebed in wysheid gebed, die gebed anders as die gebed wat ons in hfst. 1 maar ook hfst. 4 teen gewaarsku was. In Jak 1 vv. 5-6 het ons gelees: *5 As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyte. 6 Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word.* In Jakobus 4 vers 3 was die waarskuwing nog weer om te waak teen verkeerde gebede. Ons het dit die vorige keer gelees: *3 As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.*

Jakobus sluit sy brief vir ons vandag af met die besef die regte gebed het groot krag en het ook 'n kragtige uitwerking. Ja, die tye van siekte, dan is daar sekerlik medisyne en dokters nodig, soos wat die olie wat Jakobus van praat op besondere medisinale werking kan dui, maar die gebed moet ook in die medisyne wees, dat ons sal bid dat die kranke gered en opgerig kan word. Dieselfde Here wat sonde kan wegneem, kan siektes ook wegneem. Dit is die Here wat ook vir die wêreld kan wys, as julle nie julle sondes wil raaksien nie, weet dat siektes gesien sal word. God se ewige krag en goddelikheid is in sy werke, ook as Hy 'n virus oor die wêreld laat kom waar die mens sy eie swakheid, nietigheid en broosheid moet erken en raaksien. Die verwêreldlikte mens wat hoog opgee hoe goed die mens is, word deur 'n klein tipe bakteriese virus, soos ek aflei iets van 'n uitsonderlike tipe griep-virus, ongekend in sy werking en krag tot stilstand geruk.

Dit wat tans oor die wêreld spoel, die Corona-virus (ook genoem Covid-19 virus) is 'n virus wat niks onaangeraak en niks dieselfde laat bly nie. Mag ons oor sonde dieselfde bely as dit wat 'n virus ons wys ... dat dit tas alles aan, dit maak die wêreld siek. Die tyd is ryp om my eie lewe voor God te stel, al kan die virus my ook tref, dan gaan dit nie oor my wat getref is nie, maar dit gaan oor die mensdom wat moet besef God se ewige krag en goddelikheid is aan die werk en niks kan dit keer nie. Selfs Satan is daaraan onderworpe. Waar God werk keer niemand nie en ook waar Hy keer, werk niemand nie, kry niemand vinnig genoeg 'n entstof om te keer wat God laat gebeur nie. God sal dit ook eers keer as die tyd daarvoor reg is en die gebed van God se kinders soos 'n self 'n entstof daar kon bring waarmee die gelowige maar ook die wêreld begunadig kan word. Hieroor sou nog lank gepraat kon word ...

Die punt is waarmee hierdie oudste geskrif in die Nuwe Testament ons by uitbring, moet nie die krag van die gebed onderskat nie, moet op geen terrein jou laat keer om nie te bid nie. As dit gaan rondom siekte, as dit gaan rondom sonde-belydenis en dit wat my misdade is, as dit gaan rondom verskriklike droogte, ja op geen tyd en terrein mag ek ophou bid nie. En dit wat alles moet saambring, bid vir die sondaars, bid vir hulle wat deel van die gemeente moet wees maar nie hier is nie, mense wat van die waarheid afgedwaal het, hulle wat hulle moet bekeer. Daar kan daarvoor gebid word. Jakobus het daarvoor gebid. Jakobus het hierin so 'n ingrypende gebed wat hom in 'n belydenis voor God bring- dat menigte sondes bedek kan word. Sy laaste vers bring dit alles bymekaar - *20 weet dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat 'n menigte sondes vergewe word.*

AMEN